

# Die Pad van die Lam




**AGS Rayton * Past Gustav van Aardt * 2026-04-03**

1











2

## Die marteling van geseling

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy **verbrysel**; die **straf** wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy **wonde** het daar vir ons genesing gekom.

Mat 27:26 Toe laat hy vir hulle Barábbas los, maar Jesus het hy laat **gésel** en oorgelewer om gekruisig te word.

Psa 129:3 Ploeërs het op my **rug geploeg**; hulle het hul vore lank getrek.



3

## Die vernedering van die doringkroon

Mat 27:28 Toe trek hulle sy klere uit en werp 'n rooi mantel om Hom; 29 en hulle vleg 'n **kroon van dorings** en sit dit op sy hoof, en 'n riet in sy regterhand; en hulle val op hul knieë voor Hom en **bespot** Hom en sê: Wees gegroet, Koning van die Jode! 30 En hulle **spuug** op Hom en neem die riet en **slaan** Hom op sy hoof.

Jes 52:14 Soos baie hulle oor U verstom het—so misvormd was sy **voorkoms, geen mens meer nie**, en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie—



4

## Kyk daar is die mens!!

Joh 19:2 En die soldate het ‘n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit, en ‘n purper kleed om Hom gewerp 3 en gesê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle het Hom in die aangesig geslaan. 4 Pilatus gaan toe weer buitentoe en sê vir hulle: Kyk, ek bring Hom vir julle uit buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie. 5 En Jesus het uitgekom buitentoe en die doringkroon en die purperkleed gedra. En Pilatus sê vir hulle: **Dáár is die mens**!

6 En toe die owerpriesters en die dienaars Hom sien, **skreeu** hulle en sê: **Kruisig**, **kruisig** Hom! Pilatus sê vir hulle: Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie.



5

## Die wrede teregstelling

Mat 27:32 En toe hulle uitgaan, kry hulle ‘n man van Ciréne, met die naam van Simon; hom het hulle gedwing om sy kruis te dra. 33 En hulle het gekom op ‘n plek wat Gólgota genoem word—dit beteken: Plek van die Hoofskedel— 34 en vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie. 35 En nadat hulle **Hom gekruisig** het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp, sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp.



6

## Verlate van God

Mar 15:33 En toe dit die sesde uur was, kom daar **duisternis** oor die hele aarde tot die negende uur toe.

Mar 15:34 En die negende uur het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Eloï, Eloï, lamma sabagtáni? wat, as dit vertaal word, beteken: **My God, my God, waarom het U My verlaat?**

Joh 16:32 Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat; **tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is**.

7

## Die dood van Jesus

Joh 10:17 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.

Joh 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar **Ek lê dit uit Myself af**. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.



8

## Dit is volbring

En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: **Dit is volbring**! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee. Joh 19:30



9








**Jes 53:2-7**
**1 Kor 11:23 - 29**

10

# AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



11

11